AMOS 8

die Here het my ‘n gesig laat sien
ryp vrugte in ‘n mandjie
dis Israel wat My nie dien
in hul kleine, klein ou landjie

julle vertrap die arm mense
selfs vir geld word hul verkoop
tree nie op volgens my wense
ver weg bly van julle die hoop

helder oordag gaan die son onder
donker terwyl dit ligdag is
dan sal elkeen verseker wonder
klaagsange ontvang die arsis

daar kom verseker dae
dat Ek ‘n honger oor jul bring
dae wat jul beslis sal klae
om liefs my woorde te besing

jan lubbe